

INLEIDING

Wonder jy ook as 'n tiener in vandag se samelewing presies wat dit is wat jy in mans sien wat veronderstel is om God se beeld te weerkaats? Is dit vir jou moeilik om as 'n Christen te lewe wanneer dít wat die wêreld aan jou bied soveel aantlokliger lyk? Woed daar 'n stryd in jou hart en gedagtes waarteen jy nie opgewasse voel nie? Wonder jy soms wat van jou verwag word in jou rol as huweliksmaat, pa, gemeentelid en gemeenskapsleier?

Wel, moenie toelaat dat die dinge waaroor jy wonder en twyfel jou moedeloos maak nie. Jou emosies en jou vrae is glad nie ongewoon nie. Om die waarheid te sê, daar is tieners oral oor die wêreld wat ook dinge bevraagteken en wonder wat in hulle lewens aan die gang is.

Hierdie dagstukke sal jou bemoedig terwyl jy lees hoe ander ouens deur die valleie kom, hoe hulle God loof wanneer hulle die bergtoppe bereik en hoe hulle in Hom bly terwyl hulle leer hoe om Christus heelhartig te dien deur sy oorvloedige genade. Hierdie boek sal jou help terwyl jy leer om op God se Woord te vertrou terwyl Hy jou leer hoe om deurentyd 'n Christelike lewe te lei en groot vreugde daarin te vind.

Efesiërs 5 en 6 verduidelik dat standvastigheid in die Christelike lewe noodsaaklik is. Laat God toe om jou te bemoedig deur na sy Vaderhart te luister en laat Hy alle twyfel, vrae en onsekerheid wegneem en soos Paulus ons in Efesiërs 5:15-21 herinner:

Wees baie versigtig hoe julle lewe. Moenie soos dwase mense leef nie, leef wys! Benut elke geskikte geleentheid, want ons lewe in slegte tye. Moenie ondeurdag optree nie, maar probeer uitvind wat God se wil is. Verder, moenie soveel wyn drink dat julle dronk word nie, dit lei tot uitspattige gedrag. Nee, laat

die Heilige Gees julle lewe vol maak en sing saam psalms en lofgesange en geestelike liedere. Sing en jubel met julle hele hart tot eer van die Here. Sê altyd in die Naam van ons Here Jesus Christus vir God die Vader dankie vir alle dinge. Omdat julle respek het vir Christus, moet julle aan mekaar onderdanig wees.

My gebed is dat elke jong man wat hierdie boodskappe lees nader aan die Here God sal kom in 'n innige verhouding wat die wêreld om hulle sal verlig met die evangelieboodskap van hoop wat nie teleurstel nie.

Dr. Fred Luter jr., President, The Southern Baptist Convention, senior leraar, Franklin Avenue Baptist Church, New Orleans, Louisiana; eggenoot; pa van 'n kosbare dogter en 'n seun; een van God se sterk manne

JANUARIE

1 Januarie

VERLUSTIG JOU IN GOD SE WOORD

Hoe kan 'n jongmens
'n skoon lewe lei?

Deur sy lewe in te rig
volgens u woord.

Met my hele hart soek ek U;
moenie dat ek afdwaal
van u gebooië nie.

Ek het u woord in my hart gebêre
sodat ek nie teen U sou sondig nie.

Geseënd is U, o HERE;
leer my u voorskrifte.

Die bepalings van u mond
het ek met my lippe bekendgemaak.

In u voorwaardes het ek my verlustig
soos 'n mens bly is oor rykdom.

Ek wil oor u bevele nadink
en let op u weë.

Ek sal my verbly in u voorskrifte
en u woord nie vergeet nie.

(Psalm 119:9-16)

2 Januarie

PRIORITEITE

In die begin het God die ganse heelal geskep, die hemel daarbo en die aarde hieronder.

– Genesis 1:1

Wanneer ons na die skeppingsverhaal kyk, is een van die algemeenste temas God se sin vir orde. Alles wat Hy gemaak het, was absoluut noodsaaklik vir dit wat daarop gevolg het. Sonlig en water is voor plante gemaak, en plante is voor diere gemaak sodat alles kon werk soos dit veronderstel is om te werk. Dit wys vir ons hoe belangrik orde en prioriteite vir God is.

Soms is dit vir ons egter baie moeilik om ons eie prioriteite te bepaal. Ons doen selde moeite om te beplan, en veral om ons tyd effektief te bestuur. Dit is belangrik om te besef dat as ons nie 'n spesifieke plan en definitiewe riglyne en prioriteite het nie, sal ons doelloos deur die lewe dwaal en heel waarskynlik nie ons volle potensiaal bereik nie. Jy moet verstaan dat God eerste moet kom in alles, en dat ons die res van ons prioriteite met behulp van sy wil moet bepaal sodat ons meer soos Hy kan word. Om die waarheid te sê, as ons as Christene nie een of ander prioriteitsbepaling in ons lewe het nie, lewe ons verkeerd.

Hoewel dit vir sommige mense makliker is as vir ander, verwag God van ons om prioriteite te kan bepaal en Hom altyd eerste te stel. Begin deur seker te maak jou aksies stem ooreen met God se wil, en maak dan 'n lys van die dinge wat vir jou belangrik is en waaraan jy die meeste tyd bestee. Kyk wat jou huidige prioriteite is en maak seker dat hulle ooreenstem met wat jy graag wil hê hulle moet wees.

Cody Brandon: 17, Old Hickory, Tennessee